**Die brief aan die Romeine**

**Romeine 1:1-7**

**26 Julie 2026**

1. Die waarde van Romeine word wyd erken:
    a. Luther, Calvyn, Coleridge, Meyer, Codet, Clark, JI Packer
2. Romeine bring baie onderwerpe bymekaar en sit dit sistematies aanmekaar
    a. sonde, die wet, oordeel, geloof, werke, genade, regverdigmaking, heiligmaking, uitverkiesing, die verlossingsplan, die werk van Christus, die werk van die Heilige Gees, die Christelike hoop, die aard en lewe van die kerk, die plek van die Jode en die heidene in die plan van God, die filosofie van die kerk en wêreldgeskiedenis, die betekenis en boodskap van die Ou Testament, die verantwoordelikhede van Christelike burgerskap, die beginsels van persoonlik vroomheid en etiek
3. Romeine en Johannes-evangelie is nuttig geestelike depressie aan te spreek
4. Die skrywer van die boek Romeine
    a. Paulus o.l.v. die Heilige Gees (Rom 1:1)
    b. Paulus se agtergrond: Jood (selfs Fariseër), Romeinse burger, Griekse kultuur
    c. Kom tot bekering op pad na Damaskus – 30 jaar van apostelskap volg
    d. Paulus was begaafd: briljante intellek, yster wil (vgl 2 Kor 11:23-28), vol deernis (vgl 1 Kor 9:22)
5. Die datum en plek waar Romeine geskryf is
    a. Geskryf in Korinte
        i. Febe (Rom 16:1)
        ii. Gaius (Rom 16:23, vgl 1 Kor 1:14)
        iii. Erastus (Rom 16:23, vgl 2 Tim 4:20)
    b. Ongeveer 55-58 nC – 20 jaar na bekering, 10 jaar voor sterwe
6. Die geadresseerdes van die boek Romeine
    a. Gelowiges in gemeente in Rome (Rom 1:7) – nie deur Paulus gestig nie
    b. Paulus het beplan om hulle te besoek (Rom 1:10, 15:28)
    c. Gemeente het grotendeels uit gelowiges uit heidendom bestaan (Rom 1:13), met goeie blootstelling aan Ou Testament
7. Die karakter van die boek Romeine
    a. Wou die Romeine inlig oor sy insig in leerstellige waarhede, voor sy besoek
    b. Twee groot onderwerpe:
        i. Regverdigmaking deur die geloof – vir Jood en nie-Jood (Rom 1-8)
        ii. Die vraagstuk oor Jode wat nie in die Here Jesus glo nie (Rom 9-11)
    c. Derde deel van die boek: Riglyne vir die lewe van vrygespreektes (Rom 12-16)
8. Die redes hoekom ons Romeine moet bestudeer
    a. Intellektuele waarde – logiese beredenering van God se werk
    b. Teologiese waarde – groei in kennis van God se werk
    c. Geestelike waarde – lei tot persoonlike groei in geloof
    d. Praktiese waarde – bv hervorming, praktiese uitlewing
9. Die metodes om Romeine te bestudeer
    a. Lees die boek self herhaaldelik
    b. Bestudeer dit biddend: Bid vir intellektuele begrip en vir groei in geloof
    c. Gebruik hulpmiddels, soos kommentare
        i. Tasker se Tyndale kommentaar oor Romeine
        ii. William Hendriksen se kommentaar "Romans"
        iii. Griffeth Thomas se kommentaar "St Paul's Epistle to the Romans"
        iv. Stuart Olyott "The Gospel as it really is. Paul's Epistle to the Romans simply explained"
        v. Steele and Thomas se boek: "Romans: An interpretaive outline"